**Skriflesing** Markus 3 vers 20-21 en 31-35 en
Johannes 19 vers 26-27 (3de kruiswoord)
**Tema** Ons is familie

Ons lees in die verse van die twee families van Jesus en albei is belangrik.

Kom ons gaan kyk eers na Jesus se aardse familie. Sy ouers was Josef en Maria**.** Hy het vier broers gehad: Jakobus, Josef, Simon en Judas. Hy het ook meer as een suster gehad. Ons vermoed Jesus het twee susters gehad. (Matteus 13 vers 55-56)

Josef, Jesus se pa, was lief vir God, vir Maria en vir sy seun, Jesus. Toe God vir Josef die opdrag gee om by sy swanger tienerverloofde te bly, het Hy dit gedoen. Ten spyte van die mense wat agter hulle hande geskinder het, was Josef aan Maria se sy. Hy het haar versorg en veilig gehou. Soos beveel het hy vir sy seun sy naam, Jesus, gegee. In hierdie tyd het 'n pa vir sy seun 'n naam gegee. Hierdeur het Josef gewys dat hy Jesus as sy eie Seun aanvaar. Josef het die geestelike fondamente in Jesus se lewe gelê. Hy het Hom laat besny. Hy het hom tempel toe gevat. Ons lees die laaste keer van Josef toe hy, saam met Maria, vir Jesus saamgevat het tempel toe toe hy 12 jaar oud was. Waarom lees ons nie weer hierna van Josef nie? Ons is redelik seker dat Josef reeds oorlede was toe Jesus op dertigjarige ouderdom begin het met Sy openbare optrede.

Dit is daarom dat ons meer van Maria lees. Sy was vir lank die enigste ouer in Jesus se lewe. Maria was altyd daar. Soos ma's vandag nog altyd daar is. Kort na Jesus se geboorte het 'n Geesvervulde Simeon haar gewaarsku: "Daar sal 'n swaard deur jou siel gaan!" (Luk 2: 35).
Vanaf Sy geboorte was daar so baie gebeure wat haar ontstel en seergemaak het. Daar was nie plek vir haar in die herberg sodat Hy daar gebore kon word nie. Herodus wou haar baba vermoor! Watter emosionele pyn moes dit nie veroorsaak het om te weet dat al die seuntjies jonger as twee jaar in Betlehem vermoor is, ter wille van haar Kind nie? Was dit nie pynlik om in die vreemde Egipte, weg van die ondersteuning van haar familie, te moet wegkruip ter wille van die lewe van haar Baba nie?
Die vyandskap van die Priesters en die Skrifgeleerdes teenoor Jesus moes soos 'n dolk deur haar hart gegaan het!
Die skare wat skreeu: "Kruisig Hom!" Die doodsvonnis deur Pilatus, nadat hy Hom onskuldig bevind het, het haar diep seergemaak en ontstel!
Die lafhartige vlug van die meeste van die dissipels, die verraad van Judas en die verloëning van Petrus het groot emosionele pyn gebring.
Nou, hier by die kruis sien sy Hom gekroon met wrede dorings, bespot en sterwend! Geen woorde kan haar smart beskryf nie.

Na die geboorteverhaal hoor en sien ons min van Maria. Sy bly op die agtergrond. Maar hier, by haar Seun se oomblik van helse smart, staan sy by die kruis. En om Hom te sien sterf op so 'n wrede manier! Hoe pynlik was die swaard nie wat deur haar siel gegaan het nie? Die skare spot en jou Hom uit! Sy ma was daar. Ek glo sy het stilweg stukkend gehuil.

Jesus se broers en susters het waarskynlik nie verstaan wie Jesus is nie. Kan jy dink hoe moeilik dit vir hulle moes gewees het? Hulle het saam grootgword in 'n timmerman se huis. Hulle het met afval houtblokkies gespeel en mekaar met houtskaafsels gegooi. Nou sê hierdie boetie van ons dat Hy die Seun van God is! Ons lees in Johannes 7 vers 5 dat Sy broers nie in Hom geglo het nie. Of hulle na Sy kruisdood en opstanding wel in Hom geglo het, weet ons nie.
Maar Hy bly hulle broer. Hulle is bekommerd oor Jesus. Hy het homself verwaarloos. Hy is heeltemal oorwerk. Hy kry nie eens tyd om te eet nie.
Hulle vermoed dat Hy van sy kop af geraak het. Hulle reis 30 kilometer om Hom weg te neem uit die massas, huis toe. Dit is wat familie doen. Dit maak nie saak wat hulle boetie sê of doen nie, Hy bly hulle boetie.

Maar Jesus het ook ander familie.

**Die ware familie van Jesus is Sy geloofsgesin.**
In Markus 3 vers 34 - 35 lees ons: "[34]Jesus het die mense aangekyk wat in 'n kring om Hom sit en gesê: "Hier is my moeder en my broers! [35]Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder."

Hier is Sy nuwe geloofsgesin. In dié familie is God ons Vader en Christus ons oudste Broer, ons Middelaar, ons Verlosser en ons gemeenskaplike Vriend. Sy Gees woon in almal van ons. Ons is Sy kerk. Die woord kerk beteken dan ook: "die Here s'n of die wat aan die Here behoort."

Voor jy dink dat jy nie goed genoeg is om deel van Sy familie te wees nie, sien dat Jesus se familiefoto nie 'n indrukwekkende foto van bekendes en suksesvolles is nie. Hier is nie 'n uitgelese groep mense op die foto nie. Onder die dissipels, die eerste 12 mense wat Jesus kies as Sy naaste geloofsfamilie is daar 5 vissermanne en 'n oneerlike belasting-agent (Matteus wat die eerste evangelie geskryf het) en Simon die Seloot, wat 'n terroris was. Petrus sou Hom verloën. Johannes en Jakobus was manne van die donder wat ereplekke in sy Koninkryk wou hê. Dit het Jesus nie gekeer om hulle deel van Sy nuwe geloofsfamilie te maak nie.

Jesus wil dat ek en jy deel van Sy familie sal wees. Daarom het Hy vir ons gesterf en vir ons opgestaan. Wanneer jy jou lewe in geloof oorgegee aan die Here, dan deel jy in Sy geestelike DNA. Sy koninklike bloed vloei deur jou are en jy leef 'n lewe van oorvloed. Jy tree op soos Hy.

Sterwend aan die kruis is Hy steeds nie bekommerd oor Homself nie, maar oor Sy mense. Toe Jesus Sy weduwee-moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem. So draai ons as Jesus se familie se lewens ook nie om onsself nie. Ons is op aarde om te dien en om ander se belange en behoeftes bo ons eie te stel.

**Afsluiting**
Tannie Johanna het gereeld poskantoor toe gegaan. Sy moes eendag in 'n lang tou staan en sy het net seëls nodig gehad. 'n Besorgde persoon vra haar toe waarom sy nie die seëlmasjien gebruik en haarself die ongerief spaar om in so 'n lang tou te staan nie. Maar tannie Johanna het gesê: "Die seëlmasjien sal my nie vra hoe gaan dit met my gaan nie!"
Mense het kontak met ander mense nodig! Mense het 'n behoefte dat ander sal omgee vir hulle. Ons het mekaar nodig, daarom maak die Here vir ons Sy familie.
Ouers en ouer mense, kyk bietjie rondom julle rond. Jesus sê vir julle: "Daar is julle seuns en julle dogters."
Jongmense, kyk bietjie rondom julle rond. Jesus sê vir julle: "Daar is julle moeders en vaders."
**Amen**